PAREL VALLEI HIGH SCHOOL

TROTS OM 'N PAREL VALLEIER TE WEES

01/2011 **NUUSBRIEF** 25 Februarie 2011

Geagte Ouers

Na al die harde werk wat die leerlinge en onderwysers ingesit het in die Atletiek, en die sukses wat ons behaal het, wil ek graag daardie energie nou fokus op die akademie!

Toetse: Die weeklikse toetse is nou al goed op dreef en ek verwys na die omsendbrief wat ons verlede week hieroor uitgestuur het. Ek vra vir ouers se ondersteuning van die stelsel. Dit werk goed en is die bron van ons akademiese sukses. Navorsing sowel as ons ervaring bewys dat gereëlde toetsing, met goeie opvolgwerk lei na goeie uitslae. Volg asseblief al die instruksies wat ons deurgegee het en moet asseblief nie probeer omd die reëls te "buig" nie. Ek moedig elke leerling aan om hard te werk vir hulle toetse en om die beste punte moontlik hiervoor te behaal.

Algemene voorkoms en netheid: Ons nuwe reël van slegs die wit somerhemp of skoolbaadjie as die buite kledingstuk het al 'n baie groot verskil gemaak aan die netheid van ons kinders. Dankie dat die meerderheid hierdie reël so goed volg. Daar is wel nog 'n paar "verwarrings" oor wat somerdrag en wat winterdrag is.

Somerdrag:

1. Maandae (Saal) - Altyd PV baadjie as buite kledingstuk
2. Dinsdag tot Vrydag - Óf PV baadjie óf wit kortmouhemp met wapen op sak.
3. Slegs matrieks - Wit matriektrui, maar op Maandae PV baadjie.
4. Seuns:

4.1 Grys kortbroek met lang grys kouse en swart veter skoolskoene.

4.2 Grys langbroek met kort grys sokkies en swart veter skoolskoene.

5. Dogters:

5.1 Vlootblou skoolrompie met

5.2 Óf swart "daisy" skoene óf swart veterskoene en kort wit kouse wat oorgeslaan is.

Die Someruniform sal in kwartale 1 en 2 gedra word en die Winteruniform in kwartale 2 en 3.

Onthou: Wees altyd netjies op jou persoon en hou daai skoene blink!

Die uwe

E. GOUWS
SKOOLHOOF